

# Galasiërs

## Hoe om die Bybelboek te lees

Die Bybel moet ons lewe vorm. Daarvoor is dit nodig dat ons leer om die Bybel te leef terwyl ons dit lees. Daardeur hoor ons die stem van God in die Bybel, leer ons hoe om Jesus prakties te volg, en skryf die Gees ons in God se verhaal met die wêreld in.

Een van die maniere wat gelowiges deur die eeue gebruik het om die Bybel só te lees, dat dit jou lewe beïnvloed, jou transformeer, is Lectio Divina, geestelike of goddelike lees.

Gebruik die volgende metode om hierdie Bybelboek deur te werk:

### RUS

- Raak stil. Dink na oor wat die afgelope 24 uur gebeur het. Dank God vir die goeie. Gee vir Hom die slegte.

### HOOR

- Lees die gedeelte in die Bybel soos dit aangetoon word. Fokus op wat jou tref.
- Lees my bydrae oor die gedeelte.
- Kies een gedagte wat jou tref en dink daaroor na. Dink veral oor die praktiese betekenis daarvan vir jou.
- Antwoord die Here in gebed.
- Geniet ?n paar oomblikke die teenwoordigheid van die Here sonder woorde.

### LEEF

- Besluit op ?n praktiese manier om op God se woord aan jou te reageer.

View all posts in this series [Aan die Galasiërs](#) [Die hart van die Christelike geloof](#) [Vryspraak, verbondsgemeenskap en vryheid](#) [Lees, Luister, Leef](#) [Paulus en sy briewe](#) [Leesplan Galasiërs 1-2 ? om met vertroue, verwagting en volharding te leef](#) [Galasiërs 3:1-4:20 ?](#) [VRYSPRAAK: dié wat glo, is kinders van Abraham](#) [Galasiërs 4:21-5:12 ?](#) [VERBONDSGEMEENSKAP: geloof wat deur dade tot liefde oorgaan](#) [Galasiërs 5:13-6:17 ?](#) [VRYHEID: dra die vrug van die Gees in die gemeenskap van gelowiges](#) [Die wet in die 3 Formuliere van Eenheid](#) [Thabiti Anyabwile | Gospel Freedom, Gospel Fruit | Galatians 5](#)